

# ST. MARCELLINUS

26 APRIL

(sterf 304)



Hy was 'n Romein van geboorte en hy volg die heilige Cajus op as pous in die jaar 296. Die eerste paar jare van sy pontifikaat was vreedsaam en die Christen gemeenskap in Rome het gegroei. Dinge verander egter in 303 toe die keiser Diocletianus weereens op wreedaardige wyse begin om die Christene te vervolg. Volgens die geskiedskrywer Theodoret het pous Marcellinus met groot dapperheid en moed die Christene van Rome in dié moeilike tyd gelei en toe hy self gevange geneem is het hy sy dood met geloof en die diep oortuiging van God se barmhartigheid tegemoet gegaan. Volgens oorlewering is hy op 25 Oktober in die jaar 304 onthoof.